# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
hoof@liginduisternis.co.za

14 Augustus 2025

**OMSENDBRIEF 7/2025**

## BESTELLING KERKJAARBOEK 2026

AAN ALLE SAAKGELASTIGDES VAN GEMEENTES

Geagte Broeder/Suster

Hierby ingesluit is ’n skakel na die elektroniese bestelvorm vir die Kerkjaarboek 2026.

Bestellings vir die dagstukkieboeke van 2026 kan nou geplaas word. Ons is opgewonde om saam met u op ’n reis deur die Skrif te gaan waarin ons hierdie jaar twaalf belangrike Christelike deugde in meer besonderhede gaan bestudeer: Eer, kuisheid, selfbeheersing, moed, verstandigheid/wysheid, geregtigheid, liefdadigheid, toewyding/getrouheid, geduld, goedheid, nederigheid, en eerlikheid. Weens die sekularisering van ons samelewing, is hierdie deugde toenemend besig om te verdwyn. Wie egter in Christus is en gemeenskappe wat Christus eer, word aan hierdie deugde gekenmerk.

Soos gewoonlik word die dagstukkies so gepubliseer dat dit ook as ’n geskenk aan iemand buite die kerkverband gegee kan word. Dit is nie jaartal spesifiek nie en kan dus in enige jaar vir persoonlike stiltetyd of huisgodsdiens aangewend word. Die statistiek en AP kerkspesifieke inligting gaan weer apart uitgegee word as *Statistiek en Inligting*. Dit kan óf in gedrukte formaat, óf elektronies bestel word (die skakel vir elektroniese bestellings sal na gemeentes gestuur word sodra dit beskikbaar is). Kyk gerus na die bestelvorm.

Ons sluit graag weer in 2026 ’n spesiale aanbieding in met die oog daarop om u geestelike ervaring verder te verryk. ***Ewige beginsels om suksesvolle kinder groot te maak*** deur Yavor Rusinov en ***Herderskap van ’n kinderhart*** deur Tedd Tripp, vorm hierdie jaar deel van ons spesiale aanbieding **en is slegs geldig vir bestelling in 2025.**

Die opsies vir 2025 is dus soos volg:

| | |
|---|---|
| OPSIE 1: Slegs Dagstukkieboek 2026: | R 165,00 |
| OPSIE 2: Slegs Statistiek en Inligting 2026: | R 100,00 |
| OPSIE 3: Spesiale aanbieding (Dagstukkieboek + *Ewige beginsels* + *Herderskap*): | R565,00<br>(R100 besparing) |



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

**Dit sal waardeer word indien u hierdie aanbiedinge baie pertinent deur middel van ’n afkondiging onder die gemeente se aandag kan bring en ook op plaaslike gemeenskapsgroepe kan versprei.**

Sorg asseblief dat u gemeente se bestelling ons teen **22 September 2025** bereik om teleurstelling te vermy.

Bestellings word elektronies behartig, maar indien u sukkel met die sisteem, stuur asseblief ’n e-pos na marli.vanschalkwyk@apk.co.za.

Klik op hierdie skakel om u gemeente se bestelling te plaas: https://bit.ly/47Q0X5l

Maak asseblief seker dat ons u bestelling betyds ontvang. Ons sien uit daarna om van u te hoor.

*Vriendelike groete*



**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**